

Sondag 26 Februarie

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 5

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 5:1

Laat julle met God versoen in Christus!

Ons het gister besef dat God geen voordeel het om by ons te woon nie, maar dat Hy dit wil doen in Christus.

In Christus. Jesus as God wil by ons woon, al kos dit Hom sy lewe. Wat maak ek met hierdie kennis? Paulus teken die reaksie wat ons moet toon:

- Ek wil die Here dien (vs 11). “Dien” beteken “doen”. Doen wat God sê ons moet doen in sy woord. Christus het ALLES gegee – ek gee my beste.
- Ek moet reageer op Christus se liefde om reg te leef (vs 14). Ek mag nooit vergeet dat “liefde” vir Jesus beteken dat Hy sê: “Ek sterf vir jou!” nie.
- Christus maak my nuut (vs 17). Ek preek met elke Nagmaal sigbaar: “Ek eet, drink Christus, dis die VOLKOME versoening vir AL my sonde”. Ek kan “Nee!” sê vir die sonde, die verkeerde omdat Christus my losgekoop het.
- Ek is versoen met Christus. “Versoening” impliseer dat daar vyandskap was. Inderdaad – ek, wat van nature geneig is om te haat – ja, God te haat, moet in my onvermoë kyk na die gekruisigde Jesus.

Ná COVID soen ons minder. “Soen” word dikwels verbind met die oordra van siektes. My sonde maak my vuil, veragtelik. My sonde is die kanker wat onvermydelik op die ewige dood moet uitloop. Tog God kom en soen my. Hy word nie aangetas deur my sonde nie – inteendeel, Hy tas my aan met sy heiligmaking.

Wat moet ek doen? Soen terug. Kus die Seun in onderworpenheid. Laat God se soen skitter in jou lewe, jou optrede.

Sing: Psalm 2-1:6

Dr. HF van Wyk (Hennie) (emeritus)